



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



MEGANIESE OES VAN WYNDRUIWE

1. OORSPRONG VAN MEGANIESE OES

Aanvanklik is alle wingerdpraktyke met die hand of met behulp van perd-getrekte toerusting uitgevoer. Met die koms van die eerste ysterwieltrekkers moes die wingerdrye al hoe wyer uitmekaar geplant word, sodat trekkers daartussen kon pas. Met verloop van tyd is die ysterwieltrekkers met rubberwieltrekkers vervang. Later van tyd is daar tydens grondvoorbereiding na kettingtrekkers beweeg om 'n dieper grondprofiel daar te stel. Buiten die gebruik van trekkers is daar onlangs ook al van helikopters gebruik gemaak om onkruid- en swamdoders te spuit.

1.1 Internasionale ontwikkeling van meganiese oes

- Meganiese oes van duiwe het in die 1960's in die Sentrale Vallei van Kalifornië ontstaan om duiwe goedkoper vir "vins ordinaires" (gewone goedkoop tafelwyne) te oes. Mettertyd is ook duiwe vir duurder wyne meganies geoes.
- Gedurende die volgende dekade het dit in Europa posgevat weens die skaarsheid van handearbeid. Sedertdien is verskeie nuwe generasies van oesmasjiene ontwikkel.
- Slegs sowat 23% van boere in Kalifornië beplan hulle wingerde vir meganisasie. In die Kustreek van Kalifornië maak sowat 80% van produsente gebruik van meganisasie in vergelyking met die Sentrale Vallei van Kalifornië waar byna al die produsente van meganiese oes gebruik maak. In Washington gebruik sowat 60% van die produsente meganiese oesmasjiene, terwyl slegs 8% van produsente in Oregon meganies oes.
- Meganisasie in Australië het ná die tweede wêreldoorlog (1945-1970 periode) begin met die koms van trekkers. Aan die begin is perd-getrekte toerusting aangepas na trekkergedrewe toerusting. Daarna is daar spesiale implemente en toerusting vir trekkers ontwikkel. Tans word meer as 85% van Australië se wyndruiwe meganies geoes.

1.2 Plaaslike ontwikkeling van meganiese oes

Meganiese oes is die eerste keer in 1975 ten tyde van 'n boeredag, wat deur die Navorsingsinstituut vir Winkunde en Wingerdbou op Nietvoorbij (deesdae LNR Infruitec-Nietvoorbij) georganiseer is, op Stellenbosch bekend gestel. Hierdie dag is deur ongeveer 700 boere bygewoon en georganiseer om aan die produsente die geleentheid te bied om die oesmasjiene self te sien en te evalueer. Die oesmasjiene wat ten toon gestel en gedemonstreer was, sluit die Franse Vectur (Fig. 1), die Amerikaanse Chisholm Ryder en die Italiaanse Mecca in.



Figuur 1: Die Franse Vector wat in 1975 in Suid-Afrika ingebring is vir die boeredag te Nietvoorbij. (Foto's: Hennie van der Westhuizen)

1.3 Koste implikasies van meganiese oes

Die koste van meganiese oes is na raming 2-5 maal (2009) laer as met handoes. Koste sal egter meer volledig in bladskrif nommer tien bespreek word.

Die sukses van meganiese oes is van die onderhoud van die masjien en die opleidingsvlak van die operateur afhanklik. Benewens aanvanklike opleiding van die operateur sal ondervinding oor jare ook tot meer suksesvolle meganiese oes bydra.

Die verhoogde koste van hande arbeid en die toenemende kompetisie van lande met beskikbare arbeid, het veroorsaak dat produsente afhanklik geword het van die meganisering van hulle wingerdpraktjke om kompetender in die mark te kan bly. Sekere meganiese toerusting was reeds van die 1960's beskikbaar, maar beskikbaarheid van arbeid, verskillende kultivars, opleistelsels en die kombinasies daarvan het die verdere ontwikkeling daarvan vertraag. Toenemende kostedruk, nasionaal en internasionaal, sal die toepassing van gemeganiseerde praktjke waarskynlik bespoedig. Die uitdaging is dat dit nie wyngelalte nadelig beïnvloed nie. Verder sal die benutting van meganiese toerusting in die toekoms ook swaar rus op die doeltreffende opleiding van operateurs.

Produsente met premium kultivars verkies normaalweg hande arbeid, mits dit teen 'n redelike koste kan wees. Meganisasie benodig groot aanvanklike kapitale insette asook doeltreffende plaasbestuurstelsels.